

25 Maart 2019 - Die Bergpredikasie vir die Eindtyd Bruilof - Lesing 1

Die gelykenis van die Bruilofsfees

Mat 22:1 EN JaHWèshua het weer deur gelykenisse met hulle begin spreek en gesê:

Mat 22:2 Die Koninkryk van die Hemele is soos 'n Koning wat 'n **Bruilof vir Sy Seun** berei het

Mat 22:3 en Sy diensknegte uitgestuur het om die genooies na die Bruilof te roep, en **hulle wou nie kom nie**.

Mat 22:4 Weer het Hy ander diensknegte uitgestuur met die boodskap: Sê vir die genooies: Kyk, **My maaltyd het Ek berei**, My beeste en vetgemaakte vee is geslag en alles is gereed. **Kom na die Bruilof**.

Mat 22:5 Maar hulle het hul daaraan nie gesteur nie en weggegaan, **een na sy eie stuk grond en 'n ander na sy handelsaak**.

Mat 22:6 En die oorblyfsel het Sy diensknegte gegryp en **mishandel en doodgemaak**.

Mat 22:7 Toe die Koning dit hoor, het Hy kwaad geword en Sy manskappe gestuur en daardie **moordenaars omgebring** en hulle **Stad aan die brand gesteek**.

Mat 22:8 Daarop sê Hy vir Sy diensknegte: **Die Bruilof is wel gereed, maar die genooies was haar nie werd nie**.

Mat 22:9 **Gaan dan op die paaie en nooi almal** wat julle mag vind, na die Bruilof. [JirmeJaH 31:8; 2 Ezra 13:13]

Mat 22:10 En daardie **diensknegte** het uitgegaan op die Paaie en almal versamel wat hulle gevind het, **besoedelde sowel as suiweres**, en die **Bruilofsaal het vol gaste geword**.

Mat 22:11 En toe die Koning ingaan om na die gaste te kyk, sien Hy daar 'n **adamiet wat nie 'n bruilofskleed aan het nie**.

[**Openb 19:7** Laat ons bly wees en ons verheug en aan Hom die Majesteit gee, want die **Bruilof van die Lam** het gekom en **Sy Vrou** het Haar gereed gemaak.

19:8 En aan Haar is gegee om bekleed te wees met gewasde en glansende fyn linne, want **die fyn linne is die regverdige dade van die Apartes**.

19:9 Toe sê hy vir my: Skryf - geseënd is die wat genooi is na die bruilofsmaal van die Lam. En hy sê vir my: Dit is die ware Woorde van Elohim.]

Mat 22:12 En Hy sê vir hom: Vriend, hoe **het jy hier ingekom sonder 'n bruilofskleed aan?** En hy kon geen woord sê nie.

Mat 22:13 Toe sê die Koning vir Sy dienaars: **Bind sy hande en voete, neem hom weg en werp hom in die buitenste Duisternis**. Daar sal geween wees en gekners van die tande.

Mat 22:14 Want baie is geroep, maar min uitverkies.

26 Maart 2019 - Die Bergpredikasje vir die Eindtyd Bruilof - Lesing 2

Sirag 37:22 En daar is 'n wyse wat vir **homself** wys is, die vrug van sy kennis is in **sy** mond.

Sirag 37:23 En daar is 'n wyse wat wys is vir **sy volk**, die vrug van sy kennis is in **hulle** mond.

1Petrus_4:8 Maar bo alles moet julle mekaar vurig liefhê, want **die liefde sal 'n menigte oortredinge bedek**.

Die Bergpredikasje

Mat 5:1 EN toe Hy die skare sien, het Hy **op die berg geklim**; en nadat Hy **gaan sit** het, het Sy studente na Hom gekom;

Mat 5:2 en Hy het Sy mond geopen **en hulle geleer** en gesê:

Mat 5:3 Geseënd is die wat **bedelaars van die Gees** is, want aan hulle behoort die Koninkryk van die Hemele. [Prediker 1:17]

Mat 5:4 Geseënd is die wat **treur**, want hulle sal vertroos word.

Mat 5:5 Geseënd is die **sagmoediges**, want hulle sal die Aarde beërwe.

Mat 5:6 Geseënd is die wat **honger en dors na die Geregtigheid**, want hulle sal versadig word.

Mat 5:7 Geseënd is die **barmhartiges**, want aan hulle sal Barmhartigheid bewys word.

Mat 5:8 Geseënd is die wat **suiwer van hart** is, want hulle sal Elohim in verwondering sien.

Mat 5:9 Geseënd is die **vredemakers**, want hulle sal kinders van Elohim genoem word.

Mat 5:10 Geseënd is die wat **vervolg word** ter wille van die Geregtigheid, want aan hulle **behoort** die Koninkryk van die Hemele.

Mat 5:11 **Geseënd is julle wanneer die mense julle beledig en vervolg en valslik allerhande besoeiding teen julle spreek om My ontwil**. [Openbaring van Henog 13:85]

Mat 5:12 **Verbly en verheug julle** omdat julle **loon groot** is in die Hemele; want so het hulle die Profete vervolg wat voor julle gewees het. [Openbaring van Henog 13:45]

Watter Vrede?

Num 25:11 Pínehas, die seun van El-Azar, die seun van die priester Aäron, het My Grimmigheid van die kinders van JisraEl afgewend deurdat hy **jaloers** vir My onder hulle **geywer** het, sodat Ek die kinders van JisraEl in My jaloersheid nie verteer het nie. [1 Makkabeërs 2:26]

Num_25:12 Daarom spreek: Kyk, Ek sluit met hom My **Vredesverbond**, [Psalm 34:14; Wysheid van Sirah 45:23, 24; Boekrol van Henog 11:2; JeshajaH 54:10; JeségiEl 34:25; Maleagi 2:5; Markus 9:50]

Isa_54:10 Want berge mag wyk en heuwels wankel, maar My Medelye sal van Jou nie wyk en **My Vredesverbond, nie wankel nie**, sê JaHWeH, jou Ontfermer. [Númeri 25:12]

Sir_45:24 Daarom het Hy ook vir hom 'n Insetting vasgestel, **'n Vredesverbond om die Apartheid te onderhou**: dat vir hom en sy saadlyn sal wees die hoëpriesterskap tot in ewigheid. [Númeri 25]

Joh_14:27 VREDE laat Ek vir julle na, My Vrede gee Ek aan julle; nie soos die wêreld gee, gee Ek aan julle nie. Laat julle hart nie ontsteld word en bang wees nie. [Psalm 119:165; Boekrol van Henog 11:2; 45:6]

Psa 119:165 Die wat U Wet liefhet, het groot Vrede, en vir hulle is daar geen struikelblok nie. [JehôWganan 14:27]

Mattheus 5:13

JULLE is die **sout van die Aarde**, maar as die sout laf geword het, waarmee sal sy gesout word? Sy deug nêrens meer voor as om **buite gegooi** en deur die mense vertrap te word nie. [Levítikus 2:11-13; Númeri 18:19; 2 Konings 2:20; 2 Kronieke 13:5; Markus 9:50]

Mar 9:50 Die sout is goed, maar as die sout souteloos word, waarmee sal julle Hom smaaklik maak? **Julle moet sout in julle hê en Vrede hou met mekaar.** [Númeri 18:19; 25:12; 2 Kronieke 13:5]

[**Num 18:19** Al die skenkings van die Aparthede wat die kinders van JisraEl aan JaHWeH afgee, gee Ek aan jou en jou seuns en jou dogters saam met jou as 'n ewige Insetting. Dit is 'n **ewige Soutverbond** voor die Aangesig van JaHWeH, vir **jou en jou saad** saam met jou. [MattithJaHûW 5:13; 2 Kronieke 13:5; Markus 9:50]

Num 18:20 Ook het JaHWeH vir Aäron gesê: Jy sal in hulle Aarde nie erwe nie, en jy sal geen deel onder hulle hê nie. **Ek is jou deel en jou Erfenis** onder die kinders van JisraEl.

2Kronieke 13:5 Behoort julle nie te weet dat JaHWeH, die Elohey van JisraEl, die **koningskap oor JisraEl** aan Dawid vir ewig gegee het, aan hom en sy seuns as 'n **Soutverbond** nie? [Númeri 18:19; MattithJaHûW 5:13; Markus 9:50]

Mat 5:14 Julle is die **lig van die wêreld**. 'n Stad wat bo-op 'n berg lê, kan nie weggesteek word nie;

Mat 5:15 en 'n mens steek ook nie 'n lamp op en sit hom onder die maatemmer nie, maar op die staander, **en hy skyn vir almal wat in die huis is.**

Mat 5:16 Laat julle lig só skyn voor die mense, dat hulle **julle suiwer werke kan sien** en julle Vader wat in die Hemele is, verhoog.

Mat 5:17 MOENIE dink dat Ek gekom het om die Wet of die Profete te ontbind nie. Ek het nie gekom om te ontbind nie, **maar om te vervul.**

Mat 5:18 Want voorwaar Ek sê vir julle, voordat die Hemele en die Aarde verbygaan, sal nie een jod[y]1 of een tittel[.] van die Wet ooit verbygaan totdat alles gebeur het nie. [Odes van Salomo

23:19]

Mat 5:19 Elkeen dus wat een van die minste van hierdie Gebooie breek en die adamiete só leer, sal die minste genoem word in die Koninkryk van die Hemele; maar elkeen wat haar doen en leer, hy sal groot genoem word in die Koninkryk van die Hemele.

Mat 5:20 Want Ek sê vir julle dat, as julle geregtigheid nie oorvloediger is as die van die skrywers en Fariseërs nie, julle nooit in die Koninkryk van die Hemele sal ingaan nie.

Lev 2:13 En jy moet **al jou aanbiedings en spysbydrae met sout berei**, en jy mag die **sout van die Verbond** van jou Elohey by jou spysbydrae en aanbiedings nie laat ontbreek nie; by almal **moet jy jou sout naderbring.** [MattithJaHûW 5:13]

2Ki 2:20 En hy antwoord: Bring vir my 'n nuwe skottel en gooi daar **sout** in. En hulle het haar na hom gebring. [MattithJaHûW 5:13; Levítikus 2:13]

2Ki 2:21 Daarop gaan hy uit na die plek waar die water uitkom en **gooi die sout in haar** en sê: So spreek JaHWeH: Ek het **dië water gesond gemaak**; daar sal geen dood of onvrugbaarheid meer van kom nie.

2Ki 2:22 **En die water het gesond geword tot vandag toe** volgens die woord van EliShua wat hy gespreek het.

Hemelse ervaring deur Christine Badenhorst

Ek plaas die volgende geestelike ervaring vir my broers en susters op die Ark. Hierdie aanslag hier beskrywe is direk op jou en my. Dag na dag voed Vader ons met goeie hemelse brood. Maar die opponent doen hom ook voor as witbrood, maar dis valsheid.

Nou lê vir hulle voor uitpersing van alle bestaande lewe uit hul wese. Laat ons dus die profesie dophou en sien hoe en wanneer hy in vervulling sal gaan. In wese stel die EEN MAN eintlik een groep rebelle voor wat bitter seerkry in hul wese as ons, verteenwoordig deur Christine, uit Jahshua se hand uit eet. Hulle kan die LIEFDESBROOD net nie hanteer nie.

Laastens mede-Arkers, ek en Erna is baie lief vir julle en so trots op julle dat julle so mooi in die liefde bly, te midde van n verskriklike bese aanslag teen elkeen van ons.

Jahshua seën julle.

24 Maart 2019

4:05

Vanoggend 3 uur maak JAHSHUA my wakker met 'n dringende gevoel en HY sê dat ek saam met HOM moet kom en bid vir 'n ernstige saak. En vir lank het ek net so met HOM gesit en gesels. "Kom omring jou met MY LIEFDE" sê JAHSHUA vir my en ek sien ek is omring deur pienk wonderlike stof, soos pienk mis of iets soos dit maar baie digter. En skielik kom dit als bymekaar op my vel en word die mooiste sagste pienk bedekking of klere wat my heeltemal oordek. "Staan hier saam met MY."

Ek sien skielik iemand met pikswart gate of holtes waar sy oë moet sit. Hy is dolleeg binne-in en sy gees is morsdood. Daar is NIKS van JAHSHUA binne hom nie. Sy vel is die kleur van witbrood maar binne-in is hy 'n verbrande ding met niks wat enigins na die Hemel lyk nie. En hy loop rond soos 'n wandelende lyk en kyk wat hy verder in homself kan inneem. Wanneer hy iewers kom, "suig" hy als in met sy oogholtes en bring hartseer en verwoesting waar hy gaan. Asof dit "black holes" is. Dit is 'n baie slegte mens vol bitterheid, selfsug en afguns! 'n Verwoester.

En ek verstaan waarom JAHSHUA my eers met SY LIEFDE bekleed het voor ek hom kon sien. Skielik gooi JAHSHUA 'n sny witbrood na hom toe en die sny val reg onder sy voete in en hy gly daarop asof hy op 'n piesangskil getrap het. Hy kan nie die brood uit die Hemele verduur nie. Hierdie brood lyk soos gewone aardse brood en nie soos die Hemelse Brood wat JAHSHUA my altyd gee nie. Wat beteken dat dit afgewater is en nog steeds kan hy dit nie inneem nie

en struikel daaroor. Die volgende oomblik hou JAHSHUA SY hand uit na my toe en sê "Vat MY vlees en eet dit, MY GELIEFDE." En ek vat JAHSHUA se pragtige hand en bring HOM na my mond toe en SY hand is eetbaar vir my want HY verander in die heerlikste brood, Hemelse manna. En toe ek dit eet, word dit kragtige kos binne-in my en die ou met die swart oogholtes reageer baie snaaks. Dit lyk asof hy gedruk word deur 'n onsigbare, reuse hand en ek sien hoe hy nog op die grond lê na die val en daar word baie drukking op hom toegepas dat dit lyk of hy gaan bars. En uit hom begin daar die lelikste dinge te vloei, pikswart en vol vieslikheid en JAHSHUA hou aan met druk en ek kan sien dat dit vir hom baie seer is, maar hy kan nie 'n woord uitkry nie want JAHSHUA hou ook sy mond toe dat hy nie kan lieg nie. Hy mag nie verder gaan met sy swart bitterheid wat hy bring nie. En ek sien hoe die swart goed wat uit hom vloei in die hel in vloei en dit word nie toegelaat om te vloei na die reinheid van JAHSHUA en ONS omgewing nie. En nog steeds druk JAHSHUA hom baie hard. Asof hy 'n lap is wat uitgedruk word. Maar hy kan nie 'n woord sê nie want als wat uit sy mond uit kom is leuens en JAHSHUA laat hom nie toe om verder te lieg en onmin te saai nie. En toe die laaste druppel swart uit hom uit is, hou JAHSHUA hom aan sy voete vas met sy kop na die hel daar onder en HY wys vir hom wat sy voorland is as hy nie reg wil kom nie. DAAR IS GEEN ONREGVERDIGHEID BY JAHSHUA NIE!! NIKS!! En die wat dit aanhang sal baie seer kry!! JAHSHUA laat nie met SY kinders mors nie. Manipulasie, woede, leuens en slegte dade is hierdie man se "naam". Ek het nie gevra om dit te sien nie, JAHSHUA het dit self vir my gewys, uit SY eie uit. Maar ek is bly HY ontmasker die bese man wat al baie seer en pyn gebring het met sy leuens. En toe JAHSHUA hom so bo die hel hou aan sy voete en hy die afgrond en die hel aanskou en voel, toe word hy nog witter, maar hierdie keer van vrees en bewing. En hy krioel in JAHSHUA se hande om weg te kom van die hel hier onder hom en hy besef dat dit 'n werklikheid is want tot op hede glo hy nie dat die hel bestaan nie en dink hy dat hy maar kan aangaan met sy leuens en daar sal tog niks van kom nie. Maar hy sal tot 'n val kom want dit is tot redding van sy siel! Vir JAHSHUA gaan dit NET om die redding van siele, nie om enige een dood te maak nie. Die mens sal graag wil wraak neem maar JAHSHUA wil siele red. Daarom doen HY dit en HY beskou hierdie man se dade glad nie as 'n grap nie. En JAHSHUA sê "Hy het genoeg mense skade aangedoen met sy vleitaal en sy leuens want selfs sy vleitaal is leuens. Dit wat hy sê moet mens eers gaan navors om te sien of dit werklik so is en die mense wat hom glo word deur sy

verbittering beïnvloed en self donker in hulle harte. Daarom is dit so belangrik dat Julle by MY bly om die bose te sien wat graag alles wil verbreek en insuig in sy verlatenheid in. Maar ONS sal hom terugruk. ONS sal die wêreld vir hom baie warm maak en die verbittering uit hom uit pers, daarom sê EK nou vir jou dat daar 'n baie slegte tyd vir hom voorlê! En dit gaan nie maklik wees vir hom om nie 'n woord te kan sê nie. Hy sal stil moet bly totdat elke leuen wat hy vertel het, die daglig sien en onskuldige mense wat hy aangekla het sal weer hulle onskuld en goeie naam terugkry want hy verdien niks wat hy opgeslurp het met sy slegte oë nie. EK het lanklaas so 'n slegte mens gesien wat sy naaste so belieg en bedrieg en verantwoordelik is vir baie onmin en hartseer en wat NET vir homself omgee. Sy hart is swart, sy oë is swart en sy hare is pap, met ander woorde, sy "antennas" wat MY moet opvang is verbitterd en geskend. Daarom dat hy NIKS van MY WOORD kan inneem nie en dit vernietig met sy dade! As jy niks voel vir ander mense nie, en hulle vertrap, vertrap jy MY SKAPE en dit sal nie geduld word nie. Dit moet nou 'n einde kry en dit sal ook. Sê vir die wat alreeds deurgeloop het dat dit nou tot 'n einde sal kom want MY wraak is perfek en volmaak en EK weet net wat om te doen om hom stil te kry en hom alles te laat herken wat hy gelieg het.

Dit is soos die arme dogters van die priester wat deur die bose man beskuldig is daarvan dat Hulle los was met hom en toe EK daar naby kom, het EK hulle bevry van jarelange leuens wat hulle hartjies so seer gemaak het en gemaak het dat hulle dag en nag weggekruipt het weens hierdie man. EK IS DIE REDDER EN EK HET HULLE GERED! Waarom sal EK Julle nie ook vandag red van sulke bose mense nie? Waarom sal EK dit laat aanhou tot nadeel van MY hele volk? Sê vir daardie man dat sy leuens nou op 'n einde is en dat EK elke lieue verkeerde woord uit hom uit sal pers en dit sal baie sleg gaan met hom want hy hang aan sy voete reg bo die hel. Enige oomblik kan EK laat los en dan is dit verby met hom. Maar jy sal self sien dat hy in 'n posisie kom waar hy niks kan doen nie, waar hy vasgevang is in sy eie leuens en bedrog. Dit sal baie sleg gaan met hom en jy sal dit sien met jou eie oë. Genoeg is genoeg en ongelukkig het hy al so baie mense seer gemaak dat dit hom nie eers pla nie. Dit is die ergste van alles. Hy loop oor mense en trap hulle plat tot sy eie voordeel. Hy wil net sy eie sak en saak bevoordeel en gee nie om wie hy seermaak en wie hy belieg en bedrieg nie. Dit sal terugkom na hom toe want niemand kan vir altyd aanhou met sy sonde nie! EK bring LIG en ek bring Regverdigheid daar waar hy dit nie verwag nie! MY wraak kom miskien laat in Julle oë maar dit is VOLMAAK en weet net wat om te doen

om die mens te red wat ondergaan in sy eie sondes en dit nie wil verander nie, maar met 'n verharde hart die pad stap. So iemand MOET voor die reg gebring word en dit is reg dat Jy na MY kom en met MY praat en nie na die gereg van die wêreld hardloop nie. Hulle is verwoesters van hulle eie soort en kan nie altyd die reg laat geskied nie. Hoewel sake al wel goed afgeloop het vir mense omdat daar ook regverdiges is wat in die regsdiens werk, maar vir so 'n man sal die gereg nie werk nie, omdat hy 'n leuenaar by uitstek is en die saak so sal verdraai dat die goeie mense boos voorkom. Laat dit daarom aan MY oor en sien hoe EK die verlossing bring. MY GELIEFDE VROU, dit is ook die betekenis van Jou droom oor die pienk kleertjies wat EK jare gelede vir Jou gegee het. Hierdie pienk klere, wat vir jou soos babakleertjies lyk is MY bekleding vir Jou, want die LIEFDE is sag, maar ook sterk en 'n ware bekleding vir Jou siel sodat Jy nie sal skade lei onder hierdie bose mens nie. Gaan dus met Vrede en Krag en sterkte na vore en wees nie bang nie want hy is die verleier wat moet vrees. Die leuenaar wat in sy spore gestop gaan word deur Jou en MY leiding wat deur Jou sal werk op die regte tyd. Dit is al vir nou. Amen.

**Laaste Openbaring ontvang op 23/03/19
Aan Daniel Grobbelaar**

“MY kneg, kneg van MY LIEFDE, skrywe neer ELKE Woord vanuit MY Vaderhart. Hierdie is die laaste Woord vanaf MY wat EK deur jou sal gee aan MY Dogter van Sion totdat EK jou weer sal opwek volgens MY Gewyde Wil vir MY Dogter aan die Suide.”

(My hart is so seer VADER!! My hart ween en huil O JAHSHUA!!!)

“MY kind, laat die trane oor jou wange rol en laat los die fonteine van seer en barmhartigheid. Maak skoon jou hart van seer en laat EK jou hart genees. Jy huil nou baie MY kind, maar EK IS DIE VERTROOSTING! Hoor MY LIEFDE, proe Haar, voel Haar, SIEN HAAR MY kind!”

“Wees meester oor jou Aarde MY kind, deur om MY toe te laat om die Storms te bedaar en laat die Oorlog in jou hart tot stilte kom deur te fokus op MY. Jou werk is nou gedoen MY Kneg, eer MY daarvoor. EK handel volgens MY Volmaaktheid en EK sal altyd by MY Dogter wees MY kind. Wees nie bevrees nie, EK IS ALTYD BY ELKEEN VAN JULLE! EK GAAN NÊRENS! EK IS JULLE LIEFDE EN VERLOSSING! Jy sukkel om te skryf MY kneg, fokus nou en vee die trane af, want EK bring jou GENESING nou. EK IS GETROU en EK bring jou nou tot in MY HEMELE, tot binne-in MY VADERHART!”

(Ek, Daniel, het baie gehuil en soveel trane gestort tydens hierdie Woorde van ons VADER. Ek het nog nooit so gehuil nie, ek het nog nooit so vol vrees gevoel vir Dogter van Sion nie! Ek het gehuil vir Haar! Ek huil JAHSHUA!)

“MY kind, fokus, luister nou wat JAHWEH van die Leërskaer vir jou sê en dra MY Woorde oor aan MY Dogter:

MY Sionsbruid, jou klere is vuil en jou kroon is geroes. Jy is vol sere en kneusplekke. Jy is gestamp, gestoot, gevloek, uitgelag en vervolg deur die wêreld. Jy is vol besoedeling en daar is nog baie foute wat jy aan moet werk voor jy binne MY LAND VAN DIE VERBOND kan kom. EK het jou Opdrag gegee om vir MY die Gilgal in julle harte op te rig; julle het aan MY beloof om vir MY ‘n Huis van Aanbidding en Liefdeswerke te bou: ‘n Hawe waar Brood gebreek en Wyn geskink sal word vir die armes, verstoteling, die eensames en die verleides – die verlore skape van die Huis van Judah en die Huis van IsraEL. Maar dit het nie voldoende gebeur volgens MY ORDE VAN WAARHEID EN LIEFDE NIE.

EK HET JULLE ELKEEN BEVEEL OM NET NA MY TE KYK, NET MY TOE TE LAAT OM JULLE TE LEI! EK HET JULLE ELKEEN BEVEEL OM NET AAN MY GEHOORSAAM TE WEES EN OM MY BO ALLES TE STEL! EK HET JULLE BEVEEL OM NET NA MY TE KYK EN OM MY ALTYD

EERSTE TE RAADPLEEG!

EK herinner julle aan die Visioen wat hierdie Kneg van MY ontvang het tydens die Sewe Dae Verootmoediging toe hy ‘n groot aardbewing gevoel het en toe sien hy ‘n groot kraak regdeur MY land, Suid-Afrika, tot teen aan die boom in die middel van die Gilgal-Klipwiel. Hierdie aardbewing het tot vervulling gekom in die Geestelike in MY Dogter van Sion. Julle het verdeel, baie siele het geval, is tot ongeloof en struikeling gebring en is te na gekom deur eie-geregtigheid en liefdeloosheid. Baie van julle het MY nie gehoorsaam in LIEFDE BO ALLE LIEFDE nie en het ligtelik omgegaan met MY Voorwaardes, Opdragte en ook MY Beloftes. MY Woord sal julle Oordeel en julle weet wie julle is. Hierdie is MY laaste Oproep deur hierdie Kneg van MY dat julle tot bekering sal kom om die LIEFDE BO ALLES toe te pas in ELKE situasie en gebeurtenis. EK, die EWIGE LIEFDE, gee aan jou, MY Dogter van Sion, MY Bergprediking in Mattheus. Dit is MY Opdrag aan jou om MY Woorde daar te lees wat daar opgeskrywe staan en dit toe te pas. EK IS DIE HOOGSTE GESAG EN MAG en NIEMAND sal met MY speel nie en NIEMAND SAL MY IN DIE AANGESIG SPOEG DEUR OPSETLIKE LIEFDELOOSHEID, LEUENS EN SELFREGVERDIGING NIE!

As julle nie die LIEFDE WIL doen nie, dan moet julle aanvaar wat oor julle kom as die nagevolge van liefdeloosheid en ongehoorsaamheid aan MY EWIGE WET VAN LIEFDE en VERLOSSING! Dit sê EK, EK IS WAT EK IS, EK JAHSHUA JAHWEH!

MY Kneg het ‘n baie groot oorlog in sy hart oor waarom EK nie meer deur hom sal spreek tot MY volk en ook spesifiek vir MY Dogter van Sion nie en EK het aan hom MY antwoord gegee: Dit is omdat sekeres binne MY Dogter MY Woorde misbruik vir eie gewin en selfregverdiging! Hulle gebruik MY Woord, net soos die Bybel, as wapens teen mekaar om hulle eie planne en eie wil te staaf en te bevredig! Julle weet wie julle is en MY Woord Oordeel julle! MY GEES VAN WAARHEID VERKLAAR DIT AAN JULLE! LUISTER NOU NA MY! MY LIEFDE sal nie mee BESPOT en GELASTER word nie! LIEFDE IS ‘N WERK, dit is ‘n TOESTAND van EWIGE WERKENDE RUS EN KALMTE, TESAME MET GELOOF EN VERTROUEN IN MY, TESAME MET VURIGE LIEFDE VIR MY – IN DAAD, WOORD EN GEDAGTE! Dit is MY Hiërgie vir julle VERLOSSING en dit sal NOOIT verander NIE: LIEFDE vir MY, EERSTE; DAN LIEFDE vir julle NAASTE; en DAN eers heel laaste LIEFDE vir julleself – wat byna nul moet wees! Ja julle moet julleself versorg volgens MY Orde en ja, julle moet julleself ook liefhê en nie haat nie, omdat EK julle gemaak het vanuit MY LIEFDE. Maar julle maak julleself af asof julle julleself geskape het en so

verafgod julle julle eie-liefde, eie-mag, en eie-eer! EK WAARSKU julle nou om te begin LEEF volgens MY EWIGE ORDE van LIEFDE en EK vermaan julle nou om volgens MY WET van LIEFDE te handel, altyd! En ja, MY kinders, julle is in hierdie sondige wêreld en MY teenpool is ook altyd gereed om julle tot ongehoorsaamheid te dwing en te mislei, maar wee julle wat MY GEES van LEIDING verafsku en ignoreer! En ja, hierdie GEES VAN MY BARMHARTIGHEID waarsku en lei julle ALTYD en julle kan MY NOOIT blameer vir ENIGE IETS nie! Dit is JULLE wat MY nie WIL HOOR nie! Hoeveel kere moet EK nog praat, smee en vermaan!?”

(Ek huil JAHSHUA asseblief ek smee U! Vergewe ons! Vergewe asseblief! Ek het ook foute groot asseblief MY MEESTER!!!!)

“MY kneg, EK IS LIEFDE en EK vergewe en vergeet altyd, maar hulle wie skuldig voor MY staan vertrap MY LIEFDE, BARMHARTIGHEID en GENADE OPSETLIK! Wat moet EK doen? EK IS ALWYS en ALMAGTIG en EK WEET wat EK moet doen! MY WIL geskied altyd ten beste om MY verlore skape terug te kry by MY HUIS! MY WIL geskied ALTYD om julle siele te help en te VERLIG met Waarheid, Geloof, Krag, Wysheid en LIEFDE.

MY Dogter van Sion suiwer EK nou en alhoewel dit SEER maak, moet die wonde skoon gemaak word en die besoedeling moet uitgehaal word sodat die genesing kan plaasvind. Maar weet dit, MY DOGTER VAN SION IS MY EIENDOM en EK sal Haar weer NUUT oprig as Moeder vir MY Volk! HOOR!

Berus nou by MY Wil! MY Dogter, fokus nou op MY, MY Bruid, JY IS MY HART SE PUNT! EK het jou gekies! JY weet dit! Handel volgens MY LIEFDE en Opdragte. Leer om MY Stem in jou hart te hoor en te volg. Breek die Brood vir MY honger volk! Eer MY NAAM en EER MY LIEFDESBANIER oor jou! Spreek MY Seën uit elke dag, hou aan seën en bid! HOU AAN! EK SAL JOU MY HEMELE TOON en EK SAL JOU VERLOS en BEKRAGTIG. Onthou, “NUWE KRAG en NUWE ENERGIE...” Onthou! EK IS LIEF VIR JOU!

“My kneg, gaan nou in rus in, en fokus op MY nou. Wees kalm. Weet dat MY Beloofte is Ewig en MY LIEFDE geskied altyd! EK handel volgens MY Wil van LIEFDE en BARMHARTIGHEID, en die GERECHTIGHEID kom altyd vanuit MY LIEFDESHART. EK sal altyd spreek met MY volk, wees nie bekommerd nie.”

JAHSHUA IMMANUEL JAHWEH.”

28 Maart 2019 - Die Bergpredikasie vir die Eindtyd Bruilof - Lesing 4

Mat 5:21 Julle het gehoor dat aan die adamiete van die ou tyd gesê is: Jy mag nie doodslaan nie, maar elkeen wat doodslaan, moet verantwoording doen voor die gereg.

Mat 5:22 Maar Ek sê vir julle dat elkeen wat vir sy **broeder sonder rede kwaad is**, verantwoording moet doen voor die Gereg; en elkeen wat vir sy broeder sê: Domkop! moet verantwoording doen voor die GROOT RAAD; en elkeen wat sê: Jou dwaas! moet verantwoording doen in die helse vuur.

*[1Johannes 3:14 Ons weet dat ons oorgegaan het uit die Dood in die lewe, omdat ons die broers liefhet. **Hy wat sy broeder nie liefhet nie, bly in die Dood.***

*1Jn 3:15 Elkeen wat sy broeder **haat**, is 'n **moordenaar**; en julle weet dat geen moordenaar die Ewige Lewe as iets blywends in hom het nie.*

*1Jn 3:16 Hieraan het ons die Liefde leer ken, dat Hy Sy Siel vir ons afgelê het; en **ons behoort ons siel vir die broers af te lê.***

Mat 5:23 As jy dan jou bydrae na die altaar bring en dit jou daar byval **dat jou broeder iets teen jou het**,

Mat 5:24 laat jou bydrae daar voor die altaar bly en **gaan versoen jou eers met jou broeder**, en kom dan en bring jou bydrae.

Mat 5:25 Wees gou goedgesind teenoor jou teëparty so lank as jy nog saam met hom op die pad is, sodat die teëparty jou nie miskien oorgee aan die Regter en die Regter jou oorgee aan die Geregsdienaar en jy in die Gevangenis gewerp word nie. [JeségiEl 9:1 ; Ode van Salomo 33:11]

Mat 5:26 Voorwaar Ek sê vir jou, jy sal daar sekerlik nie uitkom voordat jy die **laaste oortjie** betaal het nie.

*[Mattheus 18:15 EN as jou broeder teen jou oortree, gaan bestraf hom tussen jou en hom **alleen**. As hy na jou luister, dan het jy jou broeder gewin;*

*Mat 18:16 maar as hy nie luister nie, neem nog een of twee met jou saam, sodat in die mond van **twee of drie getuies** elke woord kan vasstaan.*

*Mat 18:17 En as hy na hulle nie luister nie, sê dit aan die **gemeente**; en as hy na die gemeente ook nie luister nie, laat hom vir jou wees soos die **inboorling en die tollenaar.**]*

Die Bergpredikasie

Mat 5:27 Julle het gehoor dat aan die adamiete van die ou tyd gesê is: **Jy mag nie vermeng nie.** [Exodus 20:14, Deuteronomium 5:18]

Exo 20:14 Jy mag nie vermeng nie.

(Biblica Hebraica = "Adulterate not")

"Adulterate" meaning to mix a superior substance with an inferior substance"

Mat 5:28 Maar Ek sê vir julle dat elkeen wat na 'n vrou kyk om haar te begeer, **reeds in sy hart met haar vermeng het.**

Exo 20:17 "jy mag nie jou naaste se vrou begeer nie"

Mat 5:29 As jou **regteroog** jou dan laat struikel, ruk haar uit en gooi haar weg van jou af; want dit is vir jou beter dat een van jou lede vergaan en nie jou hele liggaam in die hel gewerp word nie.

Mat 5:30 En as jou **regterhand** jou laat struikel, kap haar af en gooi haar weg van jou af; want dit is vir jou beter dat een van jou lede vergaan en nie jou hele liggaam in die hel gewerp word nie.

Mat 5:33 Verder het julle gehoor dat aan die adamiete van die ou tyd gesê is: Jy mag nie **vals sweer** nie, maar jy moet jou **eed aan JaHWeH** hou. [Númeri 30:2]

Mat 5:34 Maar Ek sê vir julle: Sweer hoegenaamd nie - nie by die **Hemele** nie, omdat hy die Troon van Elohim is;

Mat 5:35 ook nie by die **Aarde** nie, omdat sy die Voetbank van Sy voete is; ook nie by **Jerusalem** nie, omdat Sy die Stad is van die groot Koning; [1 Kronieke 28:2; JesajaJaH 66:1; Handeling 7:49]

Mat 5:36 ook by **jou hoof** mag jy nie sweer nie, omdat jy nie een haar wit of swart kan maak nie.

Mat 5:37 Maar laat julle **woord** wees: **Ja ja, nee nee.** Wat meer as dit is, is uit die Besoedeling.

Mat 5:38 Julle het gehoor dat daar gesê is: Oog vir oog en tand vir tand. [Levítikus 24:19, 20, Deuteronomium 19:21]

Mat 5:39 Maar Ek sê vir julle dat **julle 'n besoedelde adamiet nie moet weerstaan nie;**

maar as iemand jou op jou regterwang slaan, draai ook die ander een na hom toe.

Mat 5:40 En hy wat met jou **na die gereg wil gaan** en jou onderkleed wil neem, laat hom ook die bo-kleed kry.

Mat 5:41 En elkeen wat van jou een myl afdwing, loop met hom twee myl saam.

Mat 5:42 Gee aan hom wat jou iets vra, en wys hom nie af wat van jou wil leen nie.

"In die klein gemeentes" - TT Cloete se gedig

In die klein gemeentes hou ons liefde boek
Van die foute van die ledemate,
Van ons broers en susters, ons ondersoek
ry op, ry af, na links, na regs mekaar se kwaad...
ons hou rekening van en ons reken af met mekaar in
die klein gemeentes voor die diens,
met die ledemate se foute voor JaHshua se wet,
gesien en ongesiens...

soos primate met die skerp nael mekaar uitkam tot
diep in die huid,
tot in die wortel van die haar...
van gehore segge en ongehoord
en vermoed, voor en tydens en na die diens;
gesien en ongesiens.

Maar JaHshua is anders as ons.
Hy Is vol genoegdoening as die sondiges iets weer
regkry...
JaHshua geniet dit as die alkoholis
Gerehabiliteer is.
JaHshua vergeet.
JaHshua vergeet tot uitgediende hoerery, diefstal, tot
Uitgediende moord, tot die onthouers
So goed as saam met die verbrouers.

Maar ons, ons geheue is sterk
Wat oortredings betref, ons is sensitief vir boos
En heilig, ons hou die sonde lewend binne-in die kerk,
Tot in die vierde geslag.
En JaHshua ? JaHshua se liefde is geheueloos.

**Waarskuwings oor n groot aanslag teen die
Dogter van Sion**

**Boodskap No 95 aan Lukaas van Hout op 30
November 2013**

Aanval word teen die Dogter van Sion beplan

Nog sal jy nie slaap nie, wagter vir hierdie huis van
Israel, hierdie Israeliete, **hierdie Dogter van Sion**,
lui die alarm, verhef die banier van My woord,
lewend, geskrewe en gesproke! Lui die alarm,
omdat die Satan en sy leërske nog 'n aanval
beplan het teen hierdie huis! Berei voor en roep
'n vergadering van gebed uit, maak hierdie alarm
bekend op hierdie Sabbatdag, want My woorde
van waarheid moet opgerig word onder My volk.
My woorde, deur hierdie hande wat Ek, EK IS wat
EK IS gekies het om My woorde vir My te skryf, EK
IS wat EK IS, moet onder My volk bekend word as
My ware woorde! Lui hierdie alarm vir hierdie

huis van Israel, **hierdie Dogter van Sion**, berei
voor vir dit en vir hierdie aanvalle deur mense
gedryf deur die leërske van Satan teen julle!
Groot sal die ontsteltenis wees wat hierdie
boosdoeners, **wat hulle harte oorgegee het aan
Satan**, sal veroorsaak in hierdie huis! Tog sal hul
aksies op niks uitloop nie. Dieselfde oomblik
wanneer hierdie aanvalle **bekend word**, moet julle
My **onmiddellik en in aller yl** opsoek in hierdie
dinge. Die oomblik wanneer julle My in hierdie
dinge soek, moet julle **My hand vertrou** om
hierdie dinge tot niet te maak. In volle geloof
moet julle My in hierdie dinge vertrou, EK IS wat
EK IS en soek geen optrede waar mense kan sê
dat dit deur **hulle eie toedoen en hulle eie hand
gekom het nie**, sonder om My en die antwoorde
wat Ek aan julle sal gee, eers op te soek nie.

Ek sal julle die antwoorde gee wat julle soek om
hierdie dinge te hanteer en julle sal hierdie dinge
hanteer soos wat Ek julle sal wys om hierdie dinge
te hanteer. Almal moet sien en weet dat EK IS wat
EK IS julle geantwoord het en **met My eie hand**
het Ek, EK IS wat EK IS hierdie dinge tot niet
gemaak!

Onthou, julle vertrou en geloof in My rakende
hierdie dinge moet absoluut wees! Die oomblik
wat julle julle na My toe wend en hierdie dinge
aan My gee, ja vanaf daardie selfde oomblik moet
julle geen aksies meer uit julleself loods nie,
buiten die antwoorde wat Ek vir julle sal gee teen
hierdie bose en slegte kinders van Satan. Wag, ja
wag vir My antwoorde! Dit moet so wees om My
woorde te vestig van hierdie hande wat vir My
skryf, sodat hulle in My volk hierdie woorde kan
begin glo en in hulle harte weet dat hierdie
woorde Myne is en dat Ek met die hart van
hierdie dienskneg spreek om vir My, EK IS wat EK
IS, te skryf. Selfs meer haglike tye sal kom,
waarvan Ek reeds gespreek het, en **hierdie
woorde moet tot op die kleinste jota vertrou
word!** EK IS wat EK IS, luister na My deur hierdie
hande wat Ek gekies het!

Boodskap No 96 aan Lukaas van Hout op 30 November 2013

Hulp teen die aanval

Nog 'n paar woorde moet jy vir My skryf, EK IS, nog 'n paar woorde, want Ek het jou gebede vir My volk gehoor om My Heilige Gees te stuur om hulle voor te berei vir daardie aanvalle waarvan Ek, EK IS wat EK IS in jou hart gespreek het om vir My te skryf. Hou goeie moed, want op daardie oomblik wat jy My gesoek het, het Ek, EK IS wat EK IS reeds My Heilige Gees uitgestuur om te doen wat jy gevra het, toe jy My in hierdie oomblik opgesoek het. **Ek het My Heilige Gees uitgestuur om hul harte voor te berei** met My krag en My moed om die **ontsteltenis te dra** wat hierdie boos-doeners sal poog om **hierdie Dogter van Sion** mee te **teister**.

Skryf My woorde aan hulle en vertel hulle om hierdie aanvalle met goeie moed te ontvang en weet dat My antwoorde wat hulle van My sal soek, reeds vir hulle voorberei is. Ek het hierdie vooraf gedoen, sodat My krag in die sake van die mens bekend mag word, veral vir **My Dogter van Sion, hierdie Dogter waarvoor soveel dinge voorlê gedurende daardie tye wat moet kom**. Ja, hierdie Dogter waardeur baie geseën en gered sal word en nie net in die gees nie, maar vir daardie tye wat gaan kom **in die plek van toevlug wat hierdie Dogter sal word vir My volk**, My kinders, My huise van Israel in hierdie Dogter van Sion, in My Naam, EK IS wat EK IS.

Boodskap No 102 aan Lukaas van Hout op 4 Desember 2013

'n Ligbaken wat wink

Ja, vertel hulle van die visioen van **die lig, 'n groot lig, 'n skitterende lig, 'n baken wat gesien sal word**, beide van die hart en gees sal hierdie lig gesien word. Hierdie lig, hierdie **lig van My Heilige Gees**, hierdie **baken van My Heilige Gees**, sal en het begin om **bo My Dogter van Sion te skyn**; dit kan gesien word, maar nie gesien word nie. Dit skyn, maar nog nie om te wink nie.

Tog moet hierdie Dogter voorberei word vir hierdie tye, die tye wat gaan kom en die **terugkeer van haar susters na haar toe**, gedurende die tye wat Ek, ja Ek, EK IS wat EK IS, wat die tye voorberei het vir haar susters om te kom en vir sommige van haar susters om na haar

toe terug te keer en **saam met haar te woon, by hierdie Dogter van Sion, Berg Sion van My**, My woning van liefde wat tans nog onbekend is vir baie, so groot soos wat dit is, **hierdie Filadelfia van My ark**, hierheen sal jou susters terugkeer.

Sommige van hierdie susters is geklee in die mode van die wêreld, in die **ydelheid en skoonheid** van hierdie wêreld is sommige van hierdie susters geklee, maar nog weet hulle nie dat hulle harte leeg is nie en nog weet hulle nie dat hulle **ongetroud** is nie en dat hulle ver weg gewandel het van die **waarheid van My lig, My winkende lig van My Heilige Gees wat hierdie susters van ver af sal sien** en van ver af sal hulle begin om te kom om te soek na wat Ek, EK IS wat EK IS in hul harte geplaas het, **dat My Ark van My Dogter van Sion dit bevat waarna hulle soek**. Hierdie susters sal kom, beide van binne Suid-Afrika en van ander nasies af sal hulle kom, aangetrek en geklee in al hulle opsmuk en skoonheid van die wêreld, sal hulle kom om te soek na My wysheid, waarheid, kennis en bo alles, My liefde van hulle suster, Dogter van Sion.

Boodskap No 101 aan Lukaas van Hout op 4 Desember 2013

'n Sifting en reiniging wat kom

Julle het gelees en julle het gehoor van die sifting en reiniging wat gaan kom. Julle het gelees en julle het gehoor dat hierdie sifting en reiniging alreeds begin het. Hierdie sifting en reiniging is maar 'n voorloper van die sifting en reiniging wat nog moet kom. Hierdie sifting en reiniging wat julle reeds gesien het, is maar sag en mak, vergeleke met dit wat nog moet kom gedurende die tye wat voorlê, om julle 'n heilige nasie te maak, ja MY HEILIGE NASIE om My te verteenwoordig, ja vir My, EK IS wat EK IS, die Skepper van alle dinge, aan die wêreld. Dink aan My, Ek, EK IS wat EK IS, julle Skepper, Wie heilig is en Hy wat as die liefde woon en Hy wat was voordat daar iets was, dink aan My deur al hierdie dinge, want Ek is lief vir julle en Ek is met julle. As julle liefdevolle Vader moet Ek julle nou waarsku van die krag en mag van hierdie sifting en reiniging wat gaan kom, hoor en verstaan, dink diep na oor hierdie woorde, want My Heilige Gees spreek met hierdie kneg om hierdie woorde te skryf, My woorde aan julle. Wees gewaarsku met 'n groot waarskuwing, 'n liefdevolle waar-skuwing, tog 'n waarskuwing van My, EK IS wat EK IS, van wat julle deur My sal aanskou in My krag deur My Heilige Gees, soos wat Ek deur My volk, My kinders, My huise van Israel, en My Dogters van Sion sal beweeg om julle te sif en te reinig. In daardie dae en in daardie tyd sal die vuur van My Heilige Gees beweeg onder My volk, My kinders, My huise van Israel, en My Dogters van Sion. Ja, hierdie vuur, die vuur van My Heilige Gees, 'n brullende en voortwoedende vuur, soos 'n veldbrand, sal beweeg onder My volk, My kinders, My huise van Israel, en My Dogters van Sion. My Heilige Gees, vergelykbaar met hierdie veldbrand, sal die harte van My volk, My kinders, My huise van Israel, en My Dogters van Sion sif en reinig. Dit sal 'n sifting en reiniging wees anders as wat enigeen vir homself mag indink en weet julle My volk, My kinders, My huise van Israel, en My Dogters van Sion, weet julle dat so graag as wat sommige van julle gesif en skoongemaak wil word, groot en pynlik sal hierdie sifting en reiniging wees en groot sal die verdriet wees van My volk, My kinders, My huise van Israel en My Dogters van Sion wanneer hulle hierdie sifting en reiniging sal aanskou. Daar is baie onder julle wat gesif en gesuiwer sal word en daar is baie onder julle wat geopenbaar sal word vir watter meester hulle werklik dien. Daar is baie wat julle dink nie myne is nie, maar wel is, en daar is baie wat julle dink is, wat nie is nie. Vanuit My volk, My kinders, My huise van Israel, en My Dogters van Sion sal hierdie sifting en reiniging wees, sommige tot groot en berouvolle bekering en sommige tot groot wrewel en verontwaardiging. Baie

van hulle sal vlug die oomblik wanneer hulle gesif en geopenbaar word deur My Heilige Gees. Ja, almal van hulle sal gesif en geopenbaar word en met groot hartseer onder My volk, My kinders, My huise van Israel, en My Dogters van Sion sal hulle gesif word. Sommige sal die sifting van My Heilige Gees aanvaar, soos wat dit hulle valse harte, hulle valse oortuigings en valse lering aan hulle openbaar en hulle sal grootliks bedroef wees in die kennis van die skade wat hulle veroorsaak het onder My volk, My kinders, My huise van Israel en My Dogters van Sion oor hul valse harte, hulle valse oortuigings en hulle valse leringe, tog sal baie van hulle hul bekeer en terugkeer na My, in alle liefde en nederigheid sal hulle weer na My toe terugkeer. In daardie dae en in daardie tyd van hierdie veldbrand reiniging en sifting deur My Heilige Gees, sal baie ander nie hierdie sifting en die onthulling van My Heilige Gees aanvaar nie. Die oomblik wanneer hulle My Heilige Gees ontken in hul sifting en die onthulling van die valsheid van hul harte, oortuigings en leerstellings, sal baie van hulle gevul word met groot wrewel en verontwaardiging. Baie van hulle harte sal beset word deur allerhande bose geeste. Hulle sal My volk, My kinders, My huise van Israel en My Dogters van Sion vervloek. Hulle sal My vervloek, My Heilige Gees, My koninkryk en My leërske vir hierdie openbaring en reiniging van My Heilige Gees. Tog sal My Heilige Gees hulle verwyder vanuit My volk, My kinders, My huise van Israel en My Dogters van Sion. My Heilige Gees sal in hulle brand soos 'n rooiwarm versengende yster en sal hulle dwing om te vlug vanuit My volk en dan sal hulle vlug, want My Heilige Gees sal die vrees en die skrik vir My en My geregtigheid in hulle harte plaas en in die diepste dele van hul geeste sal My Heilige Gees hierdie vrees plaas. Berei julle nou voor vir hierdie sifting en reiniging en berei ook voor vir diegene wat met groot geweld in woord en daad, My en My Heilige Gees gaan weerstaan. Hulle wat My Heilige Gees en hierdie sifting en reiniging weier en hulle wat My Heilige Gees uitdaag om hulle te verwyder vanuit die gemeentes en vergaderings van My volk, My kinders, My huise van Israel en My Dogters van Sion, moet julle onder julle uit verwyder, want groot sal hulle geweld in woord en daad wees indien hulle nie verwyder word die moment wanneer hulle gewelddadig raak nie. Ek, EK IS wat EK IS sal toelaat dat sommige van hulle My Heilige Gees uitdaag deur hul weerstand, om julle te toets en om julle te beproef om te sien of julle My, EK IS wat EK IS, My woord, geskrewe, lewend en gesproke sal volg, asook My wette om hulle wat My teenstaan te verwyder vanuit julle midde, EK IS wat EK IS, om My wil te doen op alle wyses van My liefde, soos wat Ek julle gewys het om te doen.

Die Bergpredikasie

Mat 5:43 Julle het gehoor dat daar gesê is: Jy moet jou **volksgenote** liefhê en jou **teëstander** moet jy haat.

*[Lev 19:16 Jy mag nie as 'n skinderbek onder jou **volksgenote** rondloop nie. Jy mag nie teen die lewe van jou **naaste** optree nie. Ek - JaHWeH.*

*Lev 19:17 Jy mag jou **broer** in jou hart nie haat nie. Jy moet jou **naaste** vrymoedig berispe, sodat jy om sy ontwil geen oortreding op jou laai nie.*

*Lev 19:18 Jy mag nie wraakgierig of haatdraend teenoor die **kinders van jou volk** wees nie, maar jy moet jou **naaste** liefhê soos jouself. Ek - JaHWeH.]*

Mat 5:44 Maar Ek sê vir julle: Julle moet jul teëstanders liefhê; **seën die wat vir julle vervloek, doen goed aan die wat vir julle haat, en bid vir die wat julle beledig en julle vervolg**; [Wysheid van Sirah 28:1]

Mat 5:45 **sodat julle kinders kan word** van julle Vader wat in die Hemele is; want Hy laat Sy son opgaan oor besoedeldes en suiweres, en Hy laat reën op regverdiges en onregverdiges.

Mat 5:46 Want as julle liefhet die wat vir julle liefhet, watter loon het julle? Doen die tollenaars nie ook dieselfde nie?

Mat 5:47 En as julle net jul vriende groet, wat besonders doen julle dan? Doen die tollenaars nie ook so nie?

Mat 5:48 **Wees julle dan volmaak soos julle Vader in die Hemele volmaak is.**

*[Sir 28:1 HY wat **wraak** neem, sal van JaHWeH wraak ondervind, en sy wetsoortreding sal Hy sekerlik [in gedagte] hou. [MattithJaHûW 5:44]*

*Sir 28:2 Vergewe jou vriend die oortreding, en so, as jy bid, sal **jou oortredinge vergewe word**.*

*Sir 28:3 As 'n adamiet 'n ergernis **teenoor 'n medemens bewaar**, sal hy van JaHWeH genesing seek?*

*Sir 28:4 Oor 'n adamiet soos hy self, **het hy geen Vrede nie**, en sal hy oor sy eie oortredinge bid?*

*Sir 28:5 Hy, as iemand van vlees, behou die gramskap, **wie sal sy wetsverbreking vergewe?***

Sir 28:6 Dink aan die einde en weerhou jou van vyandskap, [dink aan] die vernietiging en die Dood en hou op om die Wet te oortree.

*Sir 28:7 Dink aan die Gebod en **moenie vir jou naaste kwaad wees nie** en [dink aan] die Verbond van die Hoogste El en verhef [haar] tot die graf toe.]*

Die Bergpredikasia

Mat 6:1 PAS OP dat julle nie jul liefdadigheid voor die adamiete bewys **om deur hulle gesien te word** nie; anders het julle geen loon by julle Vader wat in die Hemele is nie.

Mat 6:2 Wanneer jy dan liefdadigheid bewys, moenie 'n **trompet** voor jou blaas soos die tweegesigte in die vergaderings en op die strate doen, dat hulle deur die adamiete geëer kan word nie. Voorwaar Ek sê vir julle, hulle **het hul loon weg**.

Mat 6:3 Maar jy, as jy liefdadigheid bewys, **laat jou linkerhand nie weet wat jou regterhand doen nie**,

Mat 6:4 sodat jou liefdadigheid in die verborgene kan wees; en jou Vader wat in die verborgene sien, Hy sal jou in die openbaar vergelde.

Mat 6:5 En wanneer julle aanbid, moet jy nie wees soos die tweegesigte nie; want hulle hou daarvan om in die **vergaderings** en op die **hoeke van die strate** te staan en bid, om deur die adamiete gesien te word. Voorwaar Ek sê vir julle dat hulle hul loon weg het.

Mat 6:6 Maar julle, wanneer julle bid, gaan in jou **binnekamer**, sluit jou deur en bid jou Vader wat in die verborgene is; en julle Vader wat in die verborgene sien, sal jou in die openbaar vergelde.

Mat 6:7 En as julle bid, gebruik nie 'n **ydele herhaling van woorde soos die inboorlinge** nie, want hulle dink dat hulle deur hul baie woorde verhoor sal word.

Mat 6:8 Moet dan nie soos hulle word nie, want jul Vader **weet wat julle nodig het** voordat julle Hom vra.

Mat 6:9 Só moet julle dan bid: Onse VADER wat in die Hemele is, **laat U Naam** apart gestel word;

Mat 6:10 laat U **Koninkryk** kom; laat **U wil** geskied, soos in die Hemele net so ook op die Aarde;

Mat 6:11 gee ons vandag ons **daaglikse Brood**;

Mat 6:12 **en vergeef ons ons skulde, soos ons ook ons skuldenaars vergewe**;

Mat 6:13 en lei ons: Nie in versoeking nie, maar **verlos ons van die besoedeling**. Want aan U behoort die Koninkryk en die Krag en die

Glansrykheid tot in ewigheid. Amein.

Mat 6:14 **Want as julle die adamiete hulle oortredinge vergewe, sal julle Hemelse Vader julle ook vergewe.**

Mat 6:15 **Maar as julle die adamiete hulle oortredinge nie vergewe nie, sal julle Vader julle oortredinge ook nie vergewe nie.**

Lesing 5 April 2019 - Die Pasga geestelik

Exo 12:1 EN JaHWeH het met Moshè en Aäron in die Aarde van Egipte gespreek en gesê:

Exo 12:2 Hierdie maand moet vir julle die **begin** van die maande wees; dit moet vir julle die eerste van die maande van die jaar wees. [Boekrol van Henog 72:6; 74:12; Daniël 9:25]

Exo 12:3 Spreek tot die hele vergadering van Jisraël en sê: Op die tiende van hierdie maand moet hulle elkeen 'n lam neem volgens die families, 'n lam vir 'n huisgesin.

Exo 12:4 Maar as 'n huisgesin te klein is vir 'n lam, dan moet hy en sy buurman wat die naaste aan sy huis is, hom neem volgens die sieletal; na wat elkeen gewoon is om te eet, moet julle die getal op die lam bereken.

Exo 12:5 Julle moet 'n **rasegte lam** hê, 'n jaaroud rammetjie. Van die skape of van die bokke kan julle hom neem.

Exo 12:6 En julle moet hom in bewaring hou tot die veertiende dag van hierdie maand; en die hele vergadering van die gemeente van Jisraël moet hom laat doodbloei teen die aand.

Exo 12:7 En hulle moet van die bloed neem en dit stryk aan die twee **deurposte** en aan die bodrumpel, **aan die huise** waarin hulle hom eet. [JeHôWganen 10:7; Hebreërs 10:20]

Exo 12:8 En hulle moet die **vleis** in dieselfde nag eet, oor die **vuur** gebraai; saam met **ongesuurde brode** moet hulle hom met **bitter kruie** eet. [JeHôWganen 6:53]

Exo 12:9 Julle moet van hom nie eet as hy rou is en as hy in water gaargemaak is nie, maar **oor die vuur gebraai**, die kop en pootjies saam met die binnegoed. (in Afr. die harslag)

Exo 12:10 Julle mag daar ook **niks van laat oorbly** tot die môre toe nie; maar wat van hom tot die môre oorbly, moet julle met vuur verbrand.

Exo 12:11 En só moet julle hom eet: Julle **heupe** moet omgord wees, julle **skoene** aan jul voete en julle **staf** in jul hand; baie haastig moet julle hom eet. 'n Pasga van JaHWeH is hy.

Exo 12:12 Want Ek sal in hierdie nag deur die Aarde van Egipte trek en al die eersgeborenes in die Aarde van Egipte tref, van adamiete sowel as van die wilde wesens. **En Ek sal strafgerigte oefen aan al die gode van Egipte**, Ek - JaHWeH.

Exo 12:13 Maar die **bloed sal vir julle 'n Teken wees aan die huise waarin julle is**: as Ek die bloed

sien, sal Ek by julle verbygaan. En daar sal geen verderflike plaag onder julle wees wanneer Ek die Aarde van Egipte tref nie.

Exo 12:14 En hierdie dag moet vir julle 'n herinnering wees, en julle moet dit as 'n Fees tot eer van JaHWeH vier. Julle moet dit in julle geslagte as 'n ewige Instelling vier.

Die Meester gee uitleg oor die eet van Sy vlees en die drink van Sy bloed

GJE Boek 9:73 [2] Ek sê: “Ja verseker, want brood en vlees is een en dieselfde, netsoos ook wyn en bloed, en wie in My Woord die brood der hemele eet en deur na daardie Woord te handel, dus deur die werk van die ware, mees onbaatsugtige liefde vir Elohim en sy naaste, die wyn van die lewe drink, eet ook My vlees en drink My bloed. Want netsoos die natuurlike brood, wat deur die mense geëet word, in die mens in vlees verander en die gedrinkte wyn tot bloed word, so word in die siel van die mens die brood van My Woord in vlees, en die wyn van die daadwerklike liefde in bloed verander.

[3] As Ek egter sê: “Wie My vlees eet”, dan is daarmee ook al aangegee dat hy My Woord nie alleen in sy geheue en in sy verstand opgeneem het, maar tegelykertyd ook in sy hart, wat - netsoos Ek al sê - die maag van die siel is, en dit ook gedoen het met die wyn van die daadwerklike liefde, wat daardeur geen wyn meer is nie, maar reeds die bloed van die lewe; want die geheue en die verstand van die mens staan in verhouding presies so tot die hart as die mond tot die natuurlike maag. So lank die natuurlike brood hom nog tussen die tande in die mond bevind, is dit nog geen vlees nie, maar brood; as dit egter fyngekou in die maag aankom en daar met die maagsappe vermeng word, is dit, wat sy fyn voedende deel aanbetref, al vlees, omdat dit ooreenkom met die vlees. So is dit ook met die wyn of met water, wat sekerlik ook wynstof bevat, omdat sonder water, wat die aarde in haar dra om alle plante en diere te voed, die wynstok sou sterf. So lank as wat jy die wyn in jou mond hou, gaan hy nie in die bloed oor nie; maar in die maag sal hy baie vinnig daarin oorgaan.

[4] Wie dus My Woord hoor en dit in sy geheue bewaar, hou die brood in die mond van die siel. As hy met sy verstand ernstig daarvoor begin nadink, kou hy die brood fyn met die tande van die siel; want die verstand is vir die siel wat die tande in die mond is vir die liggaamlike mens.

[5] As My brood, My leer dus, deur die verstand fyngekou oftewel as volle waarheid begryp en opgeneem is, moet dit vervolgens ook deur die liefde vir die waarheid in die hart opgeneem word

en deur die vaste wil oorgaan in die daad. As dit gebeur, dan word die Woord omgesit in vlees en deur die ernstige daadkragtige wil in die bloed van die siel, wat My gees in haar is, waarsonder die siel netso dood sou wees as `n liggaam sonder bloed.

[6] Die ernstige daadkragtige wil kom ooreen met `n goeie verteringsvermoë van die liggaamlike maag, waardeur die hele liggaam gesond en sterk gehou word; as die verteringskrag van die maag swak is, dan is die hele liggaam alreeds siek en swak en word dit selfs al van die beste en suiwerste voedsel siek. Dieselfde geld vir die siel, in wie se hart die wil om die leer in daad om te sit, verswak is. Sy bereik die volle, gesonde geestelike krag, bly halfweg steek, raak maklik in allerlei twyfel en bedenkinge en begin nou eers die een en dan weer `n ander voedsel te probeer, om te sien of dit miskien `n beter en meer versterkende uitwerking het. Maar daarmee is die siel, wat eenmaal bietjie sieklik is, tog nie heeltemal gehelp nie. “Ja”, vra julle julleself nou af, “is `n sieklike siel dan eintlik gladnie meer te help nie?” “O ja, sê Ek. Maar hoe?”

Mat 26:26 En terwyl hulle eet, neem JaHWèshua die Brood, en nadat Hy gedank het, breek Hy Hom en gee Hom aan Sy studente en sê: Neem, eet, Hy is My liggaam. [Boekrol van die Opregte 16:11]

Mat 26:27 Toe neem Hy die Beker, en nadat Hy gedank het, gee Hy Haar aan hulle en sê: Drink almal uit Haar.

Mat 26:28 Want Sy is My Bloed, die Bloed van die Nuwe Verbond, wat vir baie uitgestort word tot vergifnis van oortredinge. [Psalm 30:9]

8 April 2019 - Die Bergpredikasie vir die Eindtyd Bruilof - Lesing 9

Mat 6:16 En wanneer julle vas, moenie lang gesigte trek soos die twee gesigte nie; want hulle mismaak hul gesigte, sodat dit deur die adamiete gesien kan word dat hulle vas. Voorwaar Ek sê vir julle, hulle het hul loon weg.

Mat 6:17 Maar jy? as jy vas, sal jou hoof en was jou gesig,

Mat 6:18 sodat jy nie die adamiete laat sien dat jy vas nie, maar jou Vader wat in die verborgene is; en jou Vader wat in die verborgene sien, sal jou in die openbaar vergelde.

Mat 6:19 MOENIE vir julle skatte bymekaarmaak op die Aarde, waar mot en roes verniel en waar diewe inbreek en steel nie;

Mat 6:20 maar maak vir julle skatte bymekaar in die Hemele, waar geen mot of roes verniel nie en waar diewe nie inbreek en steel nie;

Mat 6:21 want waar julle skat is, daar sal julle hart ook wees.

Mat 6:22 Die lamp van die liggaam is die oog. As jou oog dan suiwer is, sal jou hele liggaam verlig wees.

Mat 6:23 Maar as jou oog besoedel is, sal jou hele liggaam donker wees. As dan die lig in jou donkerheid is, hoe groot is die donkerheid nie!

Mat 6:24 Niemand kan twee meesters dien nie; want of hy sal die een haat en die ander liefhê, of hy sal die een aanhang en die ander verag. Julle kan nie die Elohim én Mammon dien nie!

Mat 6:25 Daarom sê Ek vir julle: Moenie julle kwel oor jul siel - **wat julle sal eet en wat julle sal drink nie**; of oor jul liggaam - **wat julle sal aantrek nie**. Is die siel nie meer as die voedsel en die liggaam as die klere nie?

Mat 6:26 Kyk na die **voëls van die Hemele**; hulle saai nie en hulle maai nie en hulle bring nie bymekaar in skure nie, en tog voed julle Hemelse Vader hulle. Is julle nie baie meer werd as hulle nie?

Mat 6:27 Wie tog onder julle kan, deur hom te kwel, een voorarm by sy lengte voeg?

Mat 6:28 **En wat kwel julle jul oor klere?** Let op die lelies van die veld, hoe hulle groei; hulle arbeid nie en hulle spin nie;

Mat 6:29 en Ek sê vir julle dat selfs Salomo in al sy glansrykheid nie bekleed was soos een van hulle nie.

Mat 6:30 As Elohim dan die gras van die veld, wat vandag daar is en môre in 'n oond gegooi word, so beklee, **hoeveel te meer vir julle, kleingelowiges?**

Mat 6:31 Daarom moet julle jul nie kwel en sê: Wat sal ons eet, of wat sal ons drink, of wat sal ons aantrek nie?

Mat 6:32 Want na al hierdie dinge soek die (heidense) nasies; **want julle Hemelse Vader weet dat julle al hierdie dinge nodig het.**

Mat 6:33 **Maar soek eers die Koninkryk van Elohim en Sy Geregtigheid**, en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word.

Mat 6:34 **Kwel julle dus nie oor môre nie**, want môre sal hom oor sy eie dinge kwel. Elke dag het genoeg aan sy eie besoedeling.

Leiding, trek en dra in geestelike betekenis

(Uit Geestelike Son Boek 1 Hoofstuk 101:11 deur J L)

11 (JaHshua spreek:)Maar let nou goed op! Daar is in die **Ryk van die geestelike** 'n aansienlike verskil in betekenis tussen die drie woorde "**lei**", "**trek**" en "**dra**" en dit bestaan uit die volgende: Wanneer mense deur die Heer gelei word, val hulle daardeur die **lig van die geloof** ten deel, waardeur hulle die **onderste hemel** binnegaan.

12 Wanneer mense deur die Meester getrek word, dan wil dit soveel sê as: Die **liefde van die Vader** het hom oor hierdie mense uitgestort en hulle word **in die liefde** van die Vader **opgeneem**;

oftewel kom hulle in die **tweede hemel**, wat bestaan uit die ware van die geloof deur die **lig van die daadwerklike liefde vir die Meester en van daaruit vir die naaste**.

13 Word daar gesê: Mense word deur die Meester gedra, dan gee dit heeltemal die **volmaakte, kinderlike toestand** weer van mense wat **geheel en al in die liefde vir die Meester oorgegaan het**, sodat hulle Hom ook die **allerlaaste druppel van hulle eieliefde**, al is dit hoe verdeemoedig, in allergrootste selfverloëning ten offer gebring het. Daardeur is hulle dan ook die eintlike **aller waaragtigste kinders van God** en word deur Hom, as hulle ewig alleen ware Vader, in die **allerheiligste suiwer liefdeshemel** opgeneem.



Die Dogtertjie van Sion in volle vertroue en geloof straal van liefde vir haar Vader!

Mat 7:1 **MOENIE** oordeel nie, sodat julle nie geoordeel word nie.

Mat 7:2 Want met die oordeel waarmee julle oordeel, sal julle geoordeel word; en met die **maat waarmee julle meet, sal weer vir julle gemeet word.**

Mat 7:3 En waarom sien jy die **splinter** in die oog van jou broeder, maar die **balk** in jou eie oog merk jy nie op nie?

Mat 7:4 Of hoe sal jy vir jou broeder sê: Laat my toe om die splinter uit jou oog uit te haal, en kyk, in jou eie oog is die balk!

Mat 7:5 Tweegesig, haal eers die balk uit jou oog uit, en **dan sal jy goed sien** om die splinter uit die oog van jou broeder uit te haal.

Mat 7:6 Moenie **wat van die Apartheid** is, aan die **honde** gee nie; en gooi julle pêrels nie voor die **varke** nie, sodat hulle dit nie miskien **met hulle pote vertrap en omdraai en julle verskeur nie.** [Spreuke 5:15 - 17]

[44:23 En hulle moet My volk die [onderskeid] aandui tussen Apartheid en vermenging, en hulle bekend maak die onderskeid tussen wat raseg en verbasterd is. [JeségiEl 22:26]

22:25 'n **Sameswering van haar profete** is in haar midde, soos 'n leeu wat brul, wat prooi verskeur; **hulle eet die siele op**; skatte en kosbare dinge neem hulle weg; haar **weduwees** vermeerder hulle in haar midde.

22:26 **Haar priesters verkrag My Wet** en hulle **besoedel My Apartheid**; tussen Apartheid en vermenging maak hulle **geen onderskeid nie**, en die verskil tussen **verbastering en rasegtheid** gee hulle nie te kenne nie; daarby maak hulle hul oë toe vir **My Sabbatte**; ja, Ek word onder hulle **besoedel.** [JeségiEl 44:23]]

Mat 7:7 **Vra**, en vir julle sal gegee word; **soek**, en julle sal vind; **klop**, en vir julle sal oopgemaak word.

Mat 7:8 Want elkeen wat vra, **ontvang**; en hy wat soek, **vind**; en vir hom wat klop, sal **oopgemaak** word.

Mat 7:9 Of watter adamiet is daar onder julle wat, as sy seun hom **brood** vra, aan hom 'n **klip** sal gee;

Mat 7:10 en as hy 'n **vis** vra, aan hom 'n **slang** sal gee?

Mat 7:11 As julle wat besoedel is, dan weet om suiwer gawes aan julle kinders te gee, hoeveel te meer sal julle Vader wat in die Hemele is, suiwer dinge gee aan die wat Hom vra!

Die Wet van Filadelfia Ark!!

Mat 7:12 Alles wat julle dan wil hê dat die adamiete/mense aan julle moet doen, net so moet julle aan hulle ook doen; want sy/dit is die Wet en die Profete.

Mat 7:13 Gaan in deur die **nou Poort**, want breed is die poort en wyd is die pad wat na die verderf lei, en daar is baie wat deur hom ingaan.

Mat 7:14 Want die Poort is **nou** en die pad is **smal** wat na die lewe lei, **en daar is min wat hom vind.**

11 April 2019 - Die Bergpredikasia vir die Eindtyd Bruilof - Lesing 12

Bergpredikasia (vervolg)

Mat 7:15 Maar pas op vir die **valse profete** wat in skaapsklere na julle kom en van binne **roofsugtige** wolwe is.

Mat 7:16 **Aan hulle vrugte sal julle hulle ken.** 'n Mens pluk tog nie **druie** van dorings of **vye** van distels nie!

Isa 5:1 LAAT My tog sing van My Beminde; 'n lied van My Beminde **oor Sy Wingerd!** My Beminde het 'n Wingerd op 'n **vrugbare heuwel**.

Isa 5:2 En Hy het Haar **omgespit** en die **klippe** uit Haar gehaal en Haar **beplant** met **edel Wingerdstokke**; en Hy het 'n **Toring** binne-in Haar gebou en ook 'n **parskuip** binne-in Haar uitgekap; en Hy het verwag dat Sy druie sou dra, maar Sy het **wilde druie** voortgebring.

Mic 4:8 En U, **Toring van die skape**, Vesting van die **Dogter van Sion**, na Jou sal dit kom, ja, die vroeëre heerskappy sal kom, die Koningskap vir die **Dogter van Jerusalem**. [Spreuke 18:10; Hooglied van Salomo 4:4]

Isa 5:3 Nou dan, inwoners van Jerusalem en manne van JeHûWdah, oordeel tog tussen My en My Wingerd.

Isa 5:4 Wat is daar meer te doen aan My Wingerd wat Ek daar nie aan gedoen het nie? Waarom het Ek verwag dat Sy druie sou dra, en Sy het **wilde druie** voortgebring?

Isa 5:5 Laat My julle dan nou te kenne gee wat Ek met My Wingerd gaan doen: Ek sal Haar **heining wegneem**, sodat Sy verwoes word; Ek sal Haar **muur stukkend breek**, sodat Sy vertrap word.

Isa 5:6 En Ek sal Haar woes agterlaat: Sy sal nie gesnoei of omgespit word nie, maar **opskiet met dorings en distels**; en Ek sal die **wolke gebied** om nie op Haar te **reën** nie. [Psalm 128:3]

Isa 5:7 Want die **Wingerd van JaHWeH** van die skeppings-leërmagte is die **Huis van JisraEl**, en die **Manne van JeHûWdah** is die Tuin van Sy verlustiging; en Hy het gewag op Reg, en kyk, bloedvergieting; vir Geregtigheid, en kyk, 'n geskreeu! [JesajaH 8:14]

Jer 13:22 As jy dan in jou hart sê: **Waarom het hierdie dinge my oorgekom?** Weens die oorfloed van jou skandelikheid is jou **slippe opgetel**, het jou hakskenegely onder geweld.

Jer 13:23 **Kan 'n Swarte (Kuwsiet) sy vel verander** of 'n luiperd sy vlekke? Dan sal julle ook in staat wees om goed te doen, julle wat studente is om kwaad te doen.

Isa 32:12 Hulle slaan op die bors vanweë die begeerlike velde, vanweë die vrugbare Wingerdstok; Isa 32:13 vanweë die Adamah [die adamiet se Aarde] van My volk wat met **dorings en distels opskiet**, ja, vanweë al die huise van Vreugde van die uitgelate Stad. [Génesis 3:18]

Heb 6:4 Want dit is onmoontlik om die wat eenmaal **verlig** geword het en die **Hemelse gawe** gesmaak en die **Gees van die Apartheid deelagtig** geword het,

Heb 6:5 en die **suiwer Woord** van Elohim **gesmaak** het en die kragte van die ewigheid wat kom,

Heb 6:6 en **afvallig** geword het - om dié weer tot bekering te vernuwe, omdat hulle ten opsigte van hulleself die **Seun van die Elohim weer folter/kruisig** en openlik tot skande maak.

Heb 6:7 Want die **Aarde wat die reën indrink** wat dikwels op haar val, en nuttige plante voortbring ter wille van hulle vir wie sy ook bewerk word, het deel aan die **seën van die Elohim**. [Psalm 65:9-11]

Heb 6:8 Maar as sy **dorings en distels** oplewer, deug sy nie en is **naby die vervloeking** - die einde van haar is verbranding.

Mat 7:17 So dra elke **egte** boom suiwer vrugte; maar 'n **verbasterde** boom dra besoedelde vrugte.

Mat 7:18 'n **Egte** boom kan geen besoedelde vrugte dra nie, en 'n **verbasterde** boom ook geen suiwer vrugte nie.

Mat 7:19 Elke boom wat nie suiwer vrugte dra nie, word uitgekap en **in die vuur gegooi**.

Mat 7:20 **So sal julle hulle dan aan hul vrugte ken.**

Bergpredikasie (slot)

Mat 7:21 Nie elkeen wat vir My sê: Meester, Meester! sal ingaan in die Koninkryk van die Hemele nie, maar hy wat die **Wil doen van My VADER wat in die Hemele is.**

Mat 7:22 Baie sal in daardie dag vir My sê: Meester, Meester, het ons nie in U Naam geprofeteer en **in U Naam** demone uitgedrywe en **in U Naam** baie kragte gedoen nie?

Mat 7:23 En dan sal Ek aan hulle sê: **Ek het julle nooit geken nie.** Gaan weg van My, julle wat die Ongeregtigheid bedryf!

[Mar_3:32 En 'n skare het rondom Hom gesit. Hulle sê toe vir Hom: **U moeder en U broers** soek U daarbuite.

Mar_3:33 En Hy antwoord hulle en sê: *Wie is My moeder of My broers?*

Mar_3:34 En Hy kyk rond na die wat rondom Hom sit, en sê: **Dáár is My moeder en My broers!**

Mar_3:35 **Want elkeen wat die Wil van die Elohim doen, dié is My broer en My suster en moeder.]**

Mat 7:24 Elkeen dan wat na hierdie Woorde van My luister en dit doen, hom sal Ek vergelyk met 'n verstandige **Man wat Sy Huis op die Rots** gebou het.

Mat 7:25 En die reën het geval en die waterstrome het gekom en die winde het gewaai en teen daardie Huis aangestorm, en Hy het nie geval nie, **want Sy fondament was op die Rots.** [Deuteronómium 32:4; Psalm 94:22]

[1Pe 2:1 LÊ dan af alle **besoedeling** en alle **bedrog en geveinsdheid** en **afguns** en alle **haatspraak**;

1Pe 2:2 en verlang sterk soos pasgebore kindertjies na die **onvervalste Melk van die Woord**, dat julle deur haar kan opgroeï,

1Pe 2:3 as julle ten minste gesmaak het dat ons Meester vol Medelye is.

1Pe 2:4 Kom na Haar (**MoederTrooster**) toe, die **Lewende Steen** wat deur die adamiete wel verwerp is, maar by Elohim uitverkore en kosbaar is; [Psalm 118:22]

1Pe 2:5 en laat julle ook soos **lewende stene** opbou, tot 'n geestelike Huis, 'n **priesterdom van Apartheid**, om **geestelike** aanbiedinge te bring wat aan Elohim welgevallig is deur **JaHWèshua die Gesalfde.]**

Mat 7:26 En elkeen wat na hierdie Woorde van My luister en dit nie doen nie, sal vergelyk word met 'n **dwase man wat sy huis op die sand** gebou het. [Génesis 32:12]

Mat 7:27 En die reën het geval en die waterstrome het gekom en die **winde het gewaai** en teen daardie huis aangestorm en hy het geval, en sy val was groot.

Mat 7:28 En toe JaHWèshua hierdie woorde geëindig het, was die skare **verslae oor Sy leer**;

Mat 7:29 want Hy het hulle geleer soos een wat **gesag** het, en nie soos die skrywers nie.

Mattheus 18 - Vergifnis teenoor jou naaste

Mat 18:21 Toe kom Petrus na Hom en sê: Meester, hoe dikwels sal my broeder teen my oortree en ek hom vergewe? Tot **sewe** maal toe?

Mat 18:22 JaHWèshua antwoord hom: Ek sê vir jou, nie tot sewe maal toe nie, maar tot **sewentig maal sewe** toe.

Mat 18:23 **Daarom** word die Koninkryk van die Hemele vergelyk met 'n sekere meester wat met sy diensknegte wou afreken.

Mat 18:24 En toe hy begin afreken, word daar een na hom gebring wat **tienduisend talente** skuldig was. (6000 pennings = 1 talent)

Mat 18:25 En omdat hy nie kon betaal nie, gee sy meester bevel dat hy verkoop moet word, en sy vrou en sy kinders en **alles wat hy het**, en dat betaal moet word.

Mat 18:26 Toe val die dienskneg neer en buig voor hom en sê: meester wees lankmoedig met my, en ek sal u alles betaal.

Mat 18:27 En die meester van daardie dienskneg het innig jammer vir hom gevoel en hom losgelaat en hom die **skuld kwytskeld**.

Mat 18:28 Maar toe daardie dienskneg uitgaan en een van sy medediensknegte vind wat hom **honderd pennings** skuldig was, het hy **hom aan die keel gegryp** en gesê: Betaal my wat jy skuld.

(arbeider werk 20 jaar vir 1 talent, dus 1.7% van 1 talent wat hy in 20 jr sou verdien. Volle skuld eers vereffen na 200 000 jaar! In vandag se terme is 10 000 talente = R100 Miljard)

Mat 18:29 Sy mededienskneg val toe voor sy voete neer en smee hom en sê: Wees lankmoedig met my, en ek sal jou alles betaal.

Mat 18:30 En hy wou nie, maar het gegaan en **hom in die gevangenis gewerp** totdat hy die skuld sou betaal het.

Mat 18:31 En toe sy medediensknegte sien wat gebeur het, was hulle baie bedroef, en hulle het gegaan en aan hulle meester meegedeel alles wat gebeur het.

Mat 18:32 Daarop roep sy meester hom en sê vir hom: Jou besoedelde dienskneg, **al daardie skuld het ek jou kwytskeld, omdat jy my gesmeek het;**

Mat 18:33 moes jy nie jou mededienskneg ook **barmhartig wees** soos ek jou ook barmhartig gewees het nie?

Mat 18:34 En sy meester het hom in toorn oorgegee **aan die pynigers** totdat hy sou betaal het alles wat hy hom skuldig was.

Mat 18:35 So sal ook My Hemelse VADER aan julle doen as julle nie elkeen sy broeder **van harte** sy oortreding vergewe nie.

Mat 5:25 Wees gou goedgesind teenoor jou teëparty so lank as jy nog saam met hom op die pad is, sodat die teëparty jou nie miskien oorgee aan die **Regter** en die Regter jou oorgee aan die **Geregsdienaar** en jy in die **Gevangenis** gewerp word nie. [JeségiEl 9:1 ; Ode van Salomo 33:11]

Mat 5:26 Voorwaar Ek sê vir jou, jy sal daar sekerlik nie uitkom voordat **jy die laaste oortjie** betaal het nie.

Die NUWE BYBEL- Hoofstuk 6 -

Die Vergifnis van Sondes / Die Liefdeswet van Sonde en Versoening

1 Daar is inderdaad 'n groot vreugde in MY Hemele wanneer 'n **KIND VAN MY LIEFDE** in ware Liefde elke siel vergewe **vir alles** wat die laasgenoemde aan hom gedoen het in die verharding van sy hart. Want julle weet nie, MY kinders, - ja juis julle wat hier lees - **die lyding wat julle veroorsaak het aan 'n ander siel in lewens voor hierdie nie!** Julle kan dit onmoontlik nie weet in hierdie sondige menslike gewaad nie!

2 Veroordeel nie

en julle sal nie geoordeel word nie!

3 Let daarop dat die hoogste LiefdesGebod van MY Hemele slegs vervul word wanneer 'n mensekind `n ander vergewe deur waarlik te bely om ELOHIM bo alles lief te hê en sy naaste soos homself!

4 Deur die vervulling van hierdie HEILIGE GEBOD word julle **genadegawes** tot 'n mate toegestaan wat onsigbaar bly vir julle vleeslike oë.

5 Graveer dit diep in jou hart dat slegs vergewende Liefde jou verlos en al diegene wat saam met jou gebonde is deur die diamantharde

LIEFDESWET VAN SONDE EN VERSOENING

6 **Niemand kan sê: Ek is nie skuldig** aan hierdie of daardie toestand nie, laat die ander een dus kom **om MY te vra** vir MY vergifnis. **Indien jou gedagtes so is, MY mensekind, dan is jy nog baie ver van ware LIEFDE**, want **hoogmoed** is nog steeds in beheer van jou siel! Brandende LIEFDE weet van **geen bevoorregting** vir enige siel nie.

7 Gestel julle het te doen met mensekinders, julle broers wat nie in die minste gereed is om hulle skuld te sien of om julle te vergewe as julle hulle aanstoot gegee het nie; omvou hulle met dieselfde woorde wat Ek geuiter het in JAHSHUA DIE GESALFDE, hangend aan die Kruis en besig om dood te bloei, toe EK uitgeroep het na MY moordenaars en folteraars en al diegene wat teen MY gesondig het:

VADER, vergeef hulle,

want hulle weet nie wat hulle doen nie!

8 Hierdie woorde, indien uitgespreek met die **volle krag van julle liefdevolle barmhartigheid**, bring 'n effense **krakie** in die kors van blindheid en verstoktheid wat stadig, duim vir duim, gaan padgee.

9 **Maak los julle kettings wat julle weer in julle dwaasheid gebind het**; ontbind dit deur LIEFDE, sodat julle mag terugkeer na MY SALIGE KONINKRYK as vry geeste van MY Hemele.

10 In MY KONINKRYK sal 'n **siel se ontwaking bitter wees** as sy nie deur LIEFDE dit opgelos het wat maklik in hierdie aardse lewe gedoen kon gewees het nie!

11 Daarom roep MY, **as julle ernstig is** om vir ewig ontslae te raak van **julle verkeerdhede**, sodat EK DIE MEESTER IN MY HART SE OERGRONDPOOL VAN EWIGE LIEFDE, dit met en onder julle deur MY GENADE kan regstel!

12 Laat Liefdesstrome vrylik vloei uit julle hart in die mees vurige Liefde **vir elke siel, sonder uitsondering**, sodat vergifnis 'n opregte vergifnis kan wees; **want om te vergewe, MY kinders, beteken om te vergeet vir tyd en ewigheid! Skryf dit met vurige letters in julle hart:**

13 Om te vergewe beteken om te vergeet!

14 Trouens, na vergifnis, moet nie 'n **enkele negatiewe gedagte** meer daaroor ontstaan nie, om nie eers te praat van 'n **negatiewe woord** wat oor julle lippe mag kom nie, want dan eers sal vergifnis opreg wees!

15 Julle weet nou dat 'n mensekind **nooit vergewe** kan word nie, tensy hy met 'n onbuigsame wil,

Die wet van vergewende Liefde sal volg.

16 **Dit beteken om jou vyande lief te hê, goed te doen aan diegene wat julle haat en julle vervolg en om vriendelik te wees met dié wat julle seermaak, want slegs dan is jy 'n ware kind van jou ELOHIM EN MEESTER, JAHSHUA DIE GESALFDE, DIE GEKRUISIGDE VAN GOLGOTA!**

17 EK DIE MEESTER herhaal deur weer te sê dat **nooit, nooit sal 'n siel op Aarde sy onreg vergewe word** as hy nie met die sterkste standvastigheid MY HEILIGE GEBOD VAN LIEFDE implementeer nie:

18 om ELOHIM bo alles lief te hê
en jou naaste soos jouself!

19 **Slegs volle implementering** van hierdie MEES HEILIGE GEBOD VAN LIEFDE sal MY Genade beweeg om van die WET VAN SONDE EN VERSOENING afstand te doen, **sodat die skuld van so 'n gehoorsame kind verwyder sal word uit sy "Boek van die Lewe"**, insoverre hy nie meer terugkeer na sy vroeëre weë nie. Hoe kan dit moontlik anders wees!

20 DUS IS EK HY

WIE ALLEEN SONDES VERGEWE
BEIDE IN DIE HEMELE EN OP AARDE
EK DIE MEESTER

JAHSHUA DIE GESALFDE

DIE GEKRUISIGDE VAN GOLGOTA

21 **Die SON VAN MY GENADE sal dan op julle skyn, as julle LIEFDE geword het, die vurigste BARMHARTIGE-JAHSHUA-MIRIAM-LIEFDE, wat van niks anders weet nie, as om maar net LIEFDE vir elke siel te wees.**

AMEIN